Julie 2018

Wêreldekonomie

Voor die tegnologie-afverkope aan die einde van Julie het die S&P 500 Indeks 'n sesmaande-hoogtepunt bereik terwyl die Nasdaq 'n rekordhoogtepunt bereik het en die Russell 2000 Indeks van kleiner aandele net duskant sy vorige rekord was. Die handelsooreenkoms tussen Trump/VS en Europa het sentiment ondersteun. Kredietkaartkoerse in die VS het skerp van die prima koers afgewyk. VS BBP se groei vir die tweede kwartaal was +4,1% hoër, terwyl die kern-PVB (persoonlike verbruiksbesteding) -prys met +2% gestyg het, wat 'n aanduiding is dat inflasie nie 'n probleem is nie. Nuwe VS-huisverkope het in die tweede kwartaal met -1,5% gedaal. Verkope is besig om te verlangsaam weens stygende verbandkoerse en konstruksiekoste. Die IMF het beklemtoon dat wêreldgroei minder gelykmatig en swakker is met 'n toename in daalrisiko.

SA Ekonomie

SA verbruikersinflasie het in Junie die mark aan die negatiewe kant verras met 'n syfer van 4,6% jaar tot jaar. Kerninflasie is nou slegs 4,2% jaar tot jaar. Die SA Reserwebank het besluit om sy repokoers onveranderd op 6,5% te laat, in ooreenstemming met verwagtings. Volgens Stanlib se hoofekonoom, Kevin Lings, kom die Suid-Afrikaanse ekonomie steeds voor beduidende uitdagings te staan en kan aanhou om sywaarts te beweeg tot na die 2019 nasionale verkiesing. Die SA Reserwebank het sy vooruitgeskatte groei vir ons ekonomie van 1,7% tot 1,2% vir 2018 verlaag. Die amptelike werkloosheidskoers het in die tweede kwartaal tot 27,2% gestyg vergeleke met 26,7% in die eerste kwartaal. Suid-Afrika se handelsurplus het in Junie tot R12 miljard ($917 miljoen) toegeneem van 'n hersiene R3,4 miljard surplus in Mei, volgens data van die inkomste-agentskap. Die seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het in Julie tot 51,5 indekspunte gestyg, op van 47,9 in Junie. Die huidige vlak, wat bo die neutrale 50-puntmerk is, dui daarop dat die vervaardigingsektor goed begin het in die eerste maand van die derde kwartaal van hierdie jaar. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigmark het in Julie met 2,6% gegroei, vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Petrolinflasie het met 'n aansienlike 4,7% maand tot maand in Junie gestyg, met die jaarlikse koers wat tot 16,3% jaar tot jaar gestyg het.

Tendense en geleenthede

- Nog twee koersverhogings word vanjaar in die VS verwag.
- Na verwagting sal SA se rentekoerse tot laat in 2019 onveranderd bly.
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie hou aan om sywaarts te beweeg.

*"Once employees feel challenged, invigorated and productive, their efforts will naturally translate into profit and growth for the organisation."– **Ricardo Semler***

RvD de Kock **PJ de Jongh**